

7 WEKE *met ritmes vir die lewe*

Spieëltjie, Spieëltjie aan die Wand

Jesus is die enigste Spieël wat jou die volle Waarheid vertel

God se Weerstandsbeweging

- 'n Poolse priester wat aan die aktivistiese bewegings deelgeneem het is eenmaal gevra hoekom godsdienso 'n lewendige deel van die weerstand teen die onderdrukking was, terwyl godsdienso in die Weste sy fut heeltemal verloor het. Sy antwoord was dat die vyand in Pole sigbaar was in die onderdrukker, maar dat in die Weste die "vyand" nie so duidelik geïdentifiseer kan word nie, omdat dit meer die subtiele verleidinge van 'n oppervlakkige lewenstyl geword het.
- Die Sewe Weke met Ritmes vir die Lewe wil ons nooit om by God se Weerstandsbeweging aan te sluit. Dit beteken dat ons ook die taal, kodes en maniere van doen van hierdie beweging sal moet aanleer. Duideliker gestel: ons sal moet leer marsjeer op die Ritme van God se Hartklop.

Ons sukkel om te sien en te hoor

- Ons sien en hoor nie lekker nie. Ons dink ons sien en hoor, maar ons besef nie dat ons die kat aan die stert beet het nie.
- Ons kyk na God, deur wasige lense. Soos C.S. Lewis verduidelik:
While in other sciences the instruments you use are things external to yourself (things like microscopes and telescopes), the instrument through which you see God is your whole self. And if a man's self is not

kept clean and bright, his glimpse of God will be blurred – like the moon seen through a dirty telescope.

- Ons kyk ook na onself in spieëls wat verwring en vir ons lieg. Kolossense noem dit "teorieë en argumente wat misleidend is".
- Godsbegrip en selfbegrip hou baie met mekaar verband. Die prentjie van 'n veroordelende God rym met die prentjie van 'n waardelose ek. Die prentjie van ek wat met die genadige Christus verbonde is, rym met 'n dankbare, vry ek.




Verbonde aan Hom

- "Aangesien julle Hom aangeneem het (Hom as Here ontvang het), kan julle nie anders as om verbonde aan Hom te lewe nie." (Kol 2:6)

- Verbondenheid aan Hom is verbondenheid aan die enigste vaste punt te midde van alles wat op losse skroewe staan:
- *“In verbondenheid met Hom lewe”* kan ook vertaal word as *“wandel in Hom”*. Die Griekse woord *peripateo* beteken dat ander in jou lewenswandel kan sien wie jy volg (jou voetspore verklap jou ritme!) *“When you wake up in the morning, called by God to be a self again, if you want to know who you are, watch your feet. Because where your feet take you, that is who you are.”* (Frederick Buechner)
- Hy is die enigste Spieël wat ooit vir jou die volle Waarheid sal vertel oor God, oor jou, oor sy wêreld en wat sáákmaak.

Hoek-spieëls



- Ons is God se hoek-spieëls (soos spieëls in paaie met blindekolle wat maak dat ek die aankomende verkeer kan sien, of soos die hoek-spieël wat maak dat 'n siek kind nie alleen voel nie omdat hy sy ma kan sien vanuit sy bed). Ons is God se priesters/kinders wat God reflekteer na die wêreld en die wêreld na God:
 1. God het mense as hoek-spieëls in sy skepping geplaas sodat God sy liefde en versorging kan weerkaats na die

wêreld. Daar waar ons genesing bring, geregtigheid laat geskied en selfloos liefhet, weerkaats ons God na mekaar.

2. Die skepping prys God vir sy liefde deur mense. Wanneer ons God aanbid (met ons stemme, dade, ens) doen ons dit as verteenwoordigers van die hele skepping wat ons liefde en dankbaarheid weerkaats na God.

Wat sien ek in die Christus-Spieël?

- Jesus, wat Lewe gee. Hy wat ten volle mens is, maar in Wie ons alles van God kan sien.
- Ek, as 'n dankbare, vry mens, wat in verbondenheid met Hom van skuld en vrees verlos is.
- 'n Medemens vir wie ek 'n hoekspieël kan wees sodat hulle hoop en lewe in my weerkaats kan sien.

Kom in pas met hierdie Ritme

Interessant hoe mens moeilik by 'n spieël verbyloop sonder om vinnig jou eie weerkaatsing in oënskou te neem. Meestal om te kyk of iets nie verkeerd sit nie. Of as jy by 'n rooi robot in die verkeer sit, kyk meeste van ons in die truspieëltjie net om seker te maak alles lyk nog reg! Kom ons kom hierdie week in die Ritme om elke keer wanneer ek by 'n spieël kom (of by 'n rooi robot) vir myself te vra:

1. Sien ek Jesus helder as my Verlosser, Leermeester, Here en Vriend?
2. Sien ek myself deur Christus se oë of glo ek verwronge beelde?
3. Is ek self 'n hoek-spieël waarin mense die hoop en lewe van die Koninkryk weerkaats kan sien?

